

Mediaverklaring  
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)  
1 November 2016

## BESKERM JOU GESIN TEEN FINANSIËLE SWAARKRY: OORBRUG DIE GAPING IN JOU DOODS- EN ONGESKIKTHEIDSDEKKING

Elke dag in Suid-Afrika staan gemiddeld 383 gesinne 'n geliefde aan die dood af terwyl nóg 127 mense permanent ongeskik raak. Ongelukkig sou dié tragedies die betrokke huishoudings in 'n benarde finansiële posisie gelaat het aangesien die meeste Suid-Afrikaanse verdieners met 59% onderverseker is.

Luidens die 2016 Life and Disability Insurance Gap Study-navorsing wat in opdrag van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) deur True South Actuaries and Consultants uitgevoer is, het die gaping in lewens- en ongeskiktheidsversekering teen die einde van 2015 tot 'n verstommende bedrag van R28 800 miljard toegeneem teenoor R24 000 miljard aan die einde van 2012. Dié navorsing word elke drie jaar gedoen en meet die verskil tussen bestaande lewens- en ongeskiktheidsdekking en die werklike versekeringsbehoefte van Suid-Afrikaanse verdieners.

Peter Dempsey, adjunk uitvoerende hoof van ASISA, sê: “Ofskoon baie mense verkies om te glo dat die noodlot nooit hulle of hul gesinne sal tref nie, skets die statistieke 'n ander prentjie. Daarom is dit baie belangrik om jou geliefdes se finansiële welstand in voor- én teëspoed te beskerm deur te sorg dat jy genoegsame risikodekking het.”

Hy noem dat die versekeringstekort vir die gemiddelde inkomsteverdiener tot meer as R900 000 vir lewensdekking en meer as R1.1 miljoen vir ongeskiktheidsdekking vergroot het.

“Dit beteken dat benewens die emosionele trauma as gevolg van 'n geliefde se dood of ongeskiktheid, gesinne ook nog gekonfronteer word met 'n geldtekort wat hulle sal noodsaak om 'n ekstra inkomste te verdien of uitgawes te besnoei soos om die motor en huis te verkoop en die kinders na 'n goedkoper skool te stuur,” waarsku hy.

Hy merk op dat ofskoon die gapingsnavorsing slegs huishoudings se inkomstebehoefte ná 'n tragedie in ag neem, dit belangrik is om te onthou dat wanneer 'n broodwinner ongeskik raak die familie nie net met die kopseer van 'n verlies van inkomste sit nie, maar ook ekstra mediese en ander onvoorsiene uitgawes.

Hy sê voorts baie verbruikers belê nie in genoegsame finansiële beskerming nie weens die wanpersepsie dat versekeraars nie eise uitbetaal nie, wat een van die redes is waarom die versekeringsgaping al hoe groter word.

“Ons statistieke wys egter dat dit nie die geval is nie en dat Suid-Afrikaanse lewensversekeraars steeds die oorgrote meerderheid van onderskryfde eise gestand doen, met voordeelbetalings wat waardevolle finansiële beskerming bied en 'n trae ekonomie 'n hupstoot gee.”

Luidens ASISA-statistieke het lewensversekeraars verlede jaar meer as R45.5 miljard uitbetaal aan persone wat ongeskik geraak of 'n geliefde aan die dood afgestaan het.

#### HOEVEEL KOS DIT OM DIE GAPING TE OORBRUG?

“Dit is moeilike tye, maar dit is belangrik om die koste van versekering op te weeg teen die risiko van om geen finansiële vangnet te hê wanneer die noodlot toeslaan nie,” sê Dempsey.

Hy beklemtoon dat die verlies van 'n broodwinner verwoestende finansiële gevolge vir 'n huishouding kan inhou en met groot persoonlike ontbering kan gepaardgaan.

Hy sê die koste om die versekeringsgaping te oorbrug is relatief laag aangesien dit die gemiddelde verdieners net 'n ekstra 4.2% van sy/haar maandelikse inkomste (netto van belasting) sal kos om voldoende lewensversekering te koop, en 2.4% per maand vir ongeskiktheidsdekking.

“Sonder bykomende versekering om die tekort aan te vul, sal huishoudings ná 'n geliefde se dood egter gedwing word om elke maand 'n ekstra inkomste van R4 970 te vind en R5 977 ekstra indien 'n broodwinner ongeskik sou raak,” sê hy.

Navorsing toon dat huishoudings wat na 'n tragedie nie in staat was om die bykomende inkomste te genereer om hul lewenspeil te handhaaf nie, hul uitgawes drasties moes verminder, waarsku Dempsey.

“Dit kan beteken dat uitgawes na 'n verdieners se dood moontlik met soveel as 34% gesny moet word en met 30% in die geval van ongeskiktheid om die versekeringsgaping toe te stop, wat baie moeilik kan wees,” sê hy.

In moeilike ekonomiese omstandighede kan dit beteken dat sommige huishoudings van ander familieledes afhanklik raak wat die finansiële welstand van 'n baie wyer groep mense in die weegskaal plaas.

“Versekering bly vir baie mense 'n teësinnige uitgawe omdat die onmiddellike voordeel van die beskerming nie onmiddellik gesien kan word nie. Die gapingsnavorsing bewys egter die voordeel van om 'n relatief klein persentasie van jou inkomste prys te gee om jouself, jou familie en moontlik jou wyer sosiale kring te beskerm teen die verwoestende finansiële gevolge van 'n geliefde se dood of ongeskiktheid.”

## JONG VERDIENERS VERAL KWESBAAR

Luidens die 2016 Life and Disability Insurance Gap Study-navorsing is die versekeringsgaping onder verdieners jonger as 40 jaar aansienlik groter as onder ouer verdieners.

Die gemiddelde versekeringstekort onder verdieners jonger as 30 jaar is R1.2 miljoen vir lewensversekering en R1.4 miljoen vir ongeskiktheid, terwyl dit selfs groter is onder verdieners tussen 30 en 39 jaar oud met 'n gemiddelde tekort van R1.3 miljoen vir lewensversekering en R1.6 miljoen vir ongeskiktheid.

Die versekeringsgaping vernou aansienlik onder verdieners ouer as 40 jaar met die gemiddelde tekort onder verdieners in die ouderdomsgroep 50 tot 54 jaar wat slegs R150 000 vir lewensversekering en R323 000 vir ongeskiktheid is.

“Jong verdieners en jong gesinne moet ook bewus wees dat hulle ná 'n tragedie vir baie langer van die inkomste van hul versekering afhanklik sal wees as ouer verdieners wat naby aftrede is, wat beteken hul versekeringsbehoefte is baie groter,” verduidelik Dempsey.

Hy benadruk egter dat aangesien jonger verdieners gewoonlik gesonder is en die kans skraler is dat hulle 'n ernstige mediese toestand sal ontwikkel, hul versekeringspremies gewoonlik baie laer as dié van ouer verdieners is.

“Jonger verdieners moet ook onthou dat hulle bo en behalwe spaar vir aftrede waarskynlik ook skuld sal hê wat afbetaal moet word, en juis daarom is dit belangrik om hul toekomstige inkomste teen ongeskiktheid te waarborg,” sê Dempsey.

Hy sê as 'n jong verdieners behoort jy so gou as moontlik 'n betroubare finansiële adviseur te raadpleeg om seker te maak jy koop die regte bedrag en tipe versekering vir jou individuele behoeftes.

“Dit is ook belangrik om hierdie dekking jaarliks te hersien namate jou omstandighede verander, byvoorbeeld as jy kinders kry, 'n huis koop of 'n salarisverhoging kry.”

EINDE

VIR DIE REËL VAN ONDERHOUDE, KONTAK ASSEBLIEF:

Lucienne Fild  
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant  
082 567 1533  
lucienne@fild.co

UITGEREIK NAMENS:

Peter Dempsey  
Adjunk Uitvoerende Hoof  
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

*ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde*



*beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. Dié lede het saam meer as R8 600 miljard se bates onder bestuur.*